education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

**GESKIEDENIS VRAESTEL 1 : SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS**

**HOËR GRAAD**

**OKTOBER/NOVEMBER 2006**

**503-1/1A**

GESKIEDENIS HG: Vraestel 1
Vraestel & Addendum

503 1 1A HG

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat besluit word watter vrae beantwoord gaan word:

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A bestaan uit SES opstelvrae.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

4. Jy word toegelaat om EEN opstelvraag en EEN brongebaseerde vraag uit dieselfde tema te beantwoord.

5. MOENIE TWEE opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord NIE.

6. Beantwoord VIER vrae:

   6.1 Minstens EEN moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees.

   6.2 **JY MOET MINSTENS EEN VRAAG UIT DIE VERPLIGTE TEMA BEANT-WOORD: *DIE PERIODE SUID-AFRIKA* (*1948 TOT 1976*) (ÓF 'N OPSTELVRAAG ÓF 'N BRONGEBASEERDE VRAAG).**

7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.

8. Die toegelate tyd vir die vraestel moet oordeelkundig benut word by die beantwoording van die vrae, verkieslik ongeveer 45 minute per vraag.

9. Die blote oorskryf van bronne by die beantwoording van vrae sal die kandidate benadeel.

10. Skryf duidelik en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag en nie meer as DRIE vrae uit hierdie afdeling nie.

### VRAAG 1: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

Beantwoord óf VRAAG 1A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

### VRAAG 1A

Koalisie (1933) en samesmelting (1934) was op die begeerte om 'n breër wit eenheid in Suid-Afrika teweeg te bring gebaseer, eerder as op 'n eksklusiewe Afrikaner Nasionalisme.

Stem jy saam met dié evaluering? Staaf jou argument met verwysing na die periode 1933 tot 1939. **[50]**

**OF**

### VRAAG 1B

Alhoewel die 1943 algemene verkiesing as 'n oorwinning vir 'n jubelende Verenigde Party gesien is, was dit inderwaarheid die begin van 'n nederlaag wat in die 1948 algemene verkiesing sou kom.

Evalueer dié stelling met spesifieke verwysing na die periode 1943 tot 1948. **[50]**

### VRAAG 2: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

### VRAAG 2A

Die versetveldtogte van die 1950's as 'n vorm van protes teen die magtige apartheidsregering was onsuksesvol, maar baie betekenisvol.

Stem jy saam? Bespreek krities. **[50]**

**OF**

## VRAAG 2B

Die apartheidsbewind in die 1960's kon daarvoor vergewe word dat hulle gedink het dat hulle heeltemal daarin geslaag het om die opposisiemagte te vernietig.

(*Verklaring deur Jeremy Cronin – Nasionale Uitvoerende lid van die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party, 1986*)

Met inagneming van dié stelling, verwys na die periode van onderdrukking van 1960 tot 1976, en bespreek krities of die apartheidsbewind geglo het dat hulle daarin geslaag het om die buiteparlementêre opposisie volkome te vernietig. **[50]**

## VRAAG 3: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

## VRAAG 3A

Ons, die vryheidliewende mense van Suid-Afrika, sê met een stem aan die res van die wêreld dat ons die visie van 'n verenigde demokratiese Suid-Afrika, gebaseer op die wil van die mense, nastreef.

*[Verklaring deur die United Democratic Front (UDF), 20 Augustus 1983]*

In die lig van die bogenoemde, verduidelik hoe die verklaring deur die UDF bygedra het tot die stryd om die apartheidsregering in die 1980's tot 'n val te bring. **[50]**

**OF**

## VRAAG 3B

Terwyl Suid-Afrika in onsekerheid voor die kruispad van ondergang en hoop in Februarie 1990 gestaan het, was dit deur bedrewe leierskap en onderhandeling dat Suid-Afrika van dreigende ondergang gered was.

Stem jy saam? Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse deur te verwys na die periode 1990 tot 1994. **[50]**

## AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

## VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

### 4.1 HOE HET DIE VAKBONDWESE IN SUID-AFRIKA DIE WERKERS SE STRYD IN DIE 1940's BEÏNVLOED?

Gebruik Bronne 4A, 4B, 4C en 4D om die volgende vrae te beantwoord:

4.1.1 Bestudeer Bron 4A.

(a) Waarom is swart Suid-Afrikaners nie toegelaat om werkersunies te vorm nie? (2 x 1) (2)

(b) Watter metodes het werkers gebruik om die outoriteit van industrie-eienaars uit te daag? (2 x 1) (2)

(c) Gebruik die inligting uit Bron 4A en jou eie kennis en verduidelik waarom die eienaars van industrieë negatief gereageer het op werkerseenheid in die 1940's. (2 x 2) (4)

4.1.2 Vergelyk Standpunte 1 en 2 in Bron 4B en verduidelik die redes vir die uiteenlopende standpunte. (2 x 2) (4)

4.1.3 Verwys na Bron 4C.

(a) Verduidelik hoe die foto in Bron 4C die bewyse in Bron 4B (Standpunt 1) komplementeer. (2 x 2) (4)

(b) Wat, dink jy, was die doel van die slagspreuk 'ONS MAAK DIE PROFYTE VIR DIE O.K.' in Bron 4C? (1 x 2) (2)

4.1.4 Verwys na Bron 4D.

(a) Waarom was Kleurlingwerkers geforseer om hul eie tak van 'n unie te vorm? (1 x 2) (2)

(b) Waarom het wit werkers bedreig gevoel deur die indiensneming van Kleurlingvroue? (1 x 2) (2)

(c) Verduidelik of daar regverdiging was vir die aksie wat teen Kleurlingwerkers geneem is. (2 x 2) (4)

(d) Hoe het koerante en die breë publiek gereageer op rassespanning in die werkplek? (1 x 2) (2)

(e) Waarom was Solly Sachs suksesvol met die verbanning van die pamflette? (2 x 1) (2)

4.1.5 Verwys na Bronne 4A en 4D. Verduidelik hoe hierdie bronne mekaar weerspreek wat betref werkerseenheid en rasseharmonie in die werkplek. (2 x 2) (4)

4.1.6 Verwys na AL die bronne. Verduidelik waarom dink jy dat die behoefte aan eenheid tussen swart en wit werkers in die 1940's noodsaaklik geword het. (2 x 2) (4)

4.1.7 Gebruik die inligting uit Bronne 4A, 4B en 4C en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 12 reëls (ongeveer 120 woorde) oor die rol wat vakbonde in die stryd van werkers in die 1940's gespeel het. (12)

**[50]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

### 5.1 WAAROM WAS DIE VROUE-OPTOG NA DIE UNIEGEBOU IN 1956 BETEKENISVOL IN DIE VRYHEIDSTRYD?

Gebruik Bronne 5A, 5B, 5C en 5D beantwoord die volgende vrae:

5.1.1 Bestudeer Bron 5A.

(a) Waarom het vroue beplan om 'n optog na die Uniegebou te onderneem? (2 x 1) (2)

(b) Verduidelik, in jou eie woorde, hoe vroue te werk gegaan het om die optog te organiseer. (1 x 2) (2)

(c) Waarom het die Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) van die ANC nie die optog ondersteun nie? (2 x 2) (4)

(d) Wat kan jy aflei omtrent Walter Sisulu uit sy houding oor die vroue-optog? (2 x 2) (4)

(e) Hoe het die optog die tradisionele siening dat vroue gewoonlik passief, onderdanig en polities onaktief is, verander? (2 x 2) (4)

(f) Wat was die opofferings wat vroue moes maak om aan die optog deel te kon neem? (2 x 1) (2)

5.1.2 Gebruik Bron 5B.

(a) Watter bewyse is daar in die bron wat daarop dui dat vroue van alle rasse aan die 1956-optog deelgeneem het? (1 x 2) (2)

(b) Verwys na Verklarings 1 en 2. Verduidelik hoe betroubaar dié bron is wat betref die weerspieëling van die solidariteit en gemoedstemming van die vroue wat aan die optog deelgeneem het. (2 x 2) (4)

(c) Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis en verduidelik of die vroue-optog van 1956 suksesvol was. (2 x 2) (4)

5.1.3 Waarom, volgens Bron 5C, was vroue geforseer om die petisie op te stel? (2 x 1) (2)

5.1.4 Gebruik Bronne 5B en 5C en verduidelik of die petisie die gewenste impak op Strijdom gehad het. (2 x 2) (4)

5.1.5 Verwys na Bron 5D. Lewer kommentaar oor die beperkinge van hierdie bron vir 'n historikus wat die periode en rol van die vroue in die vryheidstryd bestudeer. (3 x 2) (6)

5.1.6 2006 gedenk die $50^{ste}$ herdenking van die 1956-vroue-optog na die Uniegebou. Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 10 reëls (ongeveer 100 woorde) oor die betekenis van die vroue-optog in die vryheidstryd in Suid-Afrika. (10)

**[50]**

## VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

### 6.1 WAT WAS DIE UITDAGINGS WAT SUID-AFRIKA VANAF 1990 DIE HOOF MOES BIED OP SY WEG NA DIE EERSTE DEMOKRATIESE VERKIESING IN 1994?

Gebruik Bronne 6A, 6B, 6C en 6D om die volgende vrae te beantwoord:

6.1.1 Verwys na Bron 6A:

(a) Waarom was daar 'n behoefte daaraan om gesprekvoering in Maart 1993 te hervat? (2 x 1) (2)

(b) Verduidelik of jy die voorstelle wat deur Joe Slovo gemaak is as prakties en oordeelkundig (wys) beskou. (2 x 2) (4)

(c) Op watter maniere, dink jy, het die ANC 'n verandering gemaak in sy posisie betreffende mag? (4 x 1) (4)

(d) Lewer kommentaar oor die betekenisvolheid van die verklaring wat deur die ANC in sy 14 distrikte uitgereik is: 'In die belang van rekonstruksie en vrede en om die potensiaal van konflik tussen verdeelde magte op pad na demokrasie te verminder, ... verklaar ons ons steun ... vir die aanvaarding van 'n nuwe grondwet'. (2 x 2) (4)

6.1.2 Bestudeer Bron 6B. Verduidelik waarom jy dink dat Winnie Mandela skepties (onseker) was oor kompromie en magsdeling. (2 x 2) (4)

6.1.3 Vergelyk Bronne 6A en 6B. Verduidelik waarom jy dink Joe Slovo en Winnie Mandela verskillende menings oor die vraag van mag uitgespreek het. (2 x 2) (4)

6.1.4 Gebruik die inligting uit Bron 6B en jou eie kennis en verduidelik of Winnie Mandela se bekommernis dat 'die nuwe regering ... sal dieselfde klasbelange as die Nasionale Party verteenwoordig' as 'n realiteit beskou kan word. (2 x 2) (4)

6.1.5 Verwys na Bron 6C.

(a) Waarom, volgens Mandela, was hierdie eerste stembriefie so betekenisvol vir Suid-Afrika? (2 x 1) (2)

(b) Lewer kommentaar oor die belangrikheid van Mandela se stelling: 'Ons is een nasie.' (1 x 2) (2)

(c) Gebruik jou eie kennis en die inligting uit Bron 6C en verduidelik waarom Nelson Mandela sy eerste stem in Ohlange Hoërskool in KwaZulu-Natal, uitgebring het. (1 x 2) (2)

6.1.6 Verduidelik hoe Bronne 6C en 6D mekaar komplementeer met betrekking tot die uitbring van die eerste stem. (2 x 2) (4)

6.1.7 Verduidelik die betroubaarheid van Bron 6D as bewys dat die meeste Suid-Afrikaners dieselfde oor die verkiesing gevoel het. (2 x 2) (4)

6.1.8 Gebruik die inligting uit alle bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 10 reëls (ongeveer 100 woorde) vir jou skool se Geskiedenis-tydskrif oor waarom die 1994 demokratiese verkiesing 'n betekenisvolle keerpunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis was. (10)

**[50]**

**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

# GESKIEDENIS VRAESTEL 1 : SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS

# ADDENDUM

## HOËR GRAAD

## OKTOBER/NOVEMBER 2006

## 503-1/1A

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

### 4.1 HOE HET DIE VAKBONDWESE IN SUID-AFRIKA DIE WERKERS SE STRYD IN DIE 1940's BEÏNVLOED?

**BRON 4A**

Die volgende uittreksel kom uit *A Place in the City* deur Luli Callinicos (1993). Dit demonstreer die solidariteit wat tussen swart en wit werkersunies in die 1940's geheers het.

> In 1942 is winkelassistente in twee unies verdeel – een vir swartmense en een vir die ander rasse. Elke dag het rassisme gefloreer in die werkplek, maar die eintlike oorsaak vir die verdeling in die unies het gelê in die regering se Industriële Konsiliasiewet van 1924. Soos ons gesien het, het die wet daartoe gelei dat baie swart unies taktiese alliansies met geregistreerde unies gevorm het. In 1942 is die lekkergoedwerker-staking byvoorbeeld versterk deur solidariteit tussen die swart en die wit unies, en so het die werkers gekry wat hulle geëis het. Ander unies, soos die Handelsreisigersunie het ook hul steun gegee. Die winkelassistente van die 'National Union of Distributive Workers' (NUDW) het geweier om lekkers van die fabrieke wat in die dispuut betrokke was, te verkoop. As verbruikers het die werkers ook geweier om die lekkers te koop.
>
> Afgesien van die lekkergoedwerkersveldtog, het die 'African Commercial and Distributive Workers Union' (ACDWU), knap gelei deur Daniel Koza (en georganiseer deur Naboth Mokgatle in Pretoria), ook 'n alliansie gevorm met die unie van die wit winkelassistente, die NUDW. Een van die grootste kettingwinkels destyds was die OK Bazaars. Aan die Rand (Witwatersrand) het dit werk verskaf aan honderde swart winkelassistente onder kategorieë soos 'arbeiders', 'pakkers' of soos Naboth Mokgatle, afleweringsmense. Die NUDW se eerste oorwinning het in 1942 gekom toe die OK Bazaars uiteindelik 'n amptelike ooreenkoms met NUDW aangegaan het (NUDW het toe volgens wet die swart werkers van ACWDU verteenwoordig).
>
> In plaas daarvan om vir diens aan te meld, het 'n skare van meer as 1 000 werkers in Johannesburg vanaf die hoofwinkel na die stadsaal gemarsjeer. Oral was baniere soos 'Base - Eerbiedig julle ooreenkoms', 'Erken ons winkelkomitees', 'Werf, moet nie afdank nie'. Op die stadsaal se trappe het amptenare van ACWDU, NUDW en ander unies die skare toegespreek. Die bestuur van die OK Bazaars het die aftog geblaas. Met hierdie blitsstaking en protes is 'n oortuigende oorwinning behaal. En, soos 'n Indiërwerker in die *Rand Daily Mail* van 29 Junie 1942 kommentaar gelewer het:
>
> 'Die sukses van die staking was in 'n groot mate te danke aan die solidariteit van die werkers. Afrikane, Indiërs en Europeërs het skouer aan skouer gestaan.'

**BRON 4B**

Die eerste standpunt is aangehaal uit 'n pamflet van NUDW (National Union of Distributive Workers) wat in Mei 1943 gepubliseer is en wat die redes vir die staking uiteengesit het. Die tweede standpunt is 'n omsendbrief van die bestuur wat in Junie 1943 uitgegee is en hul afkeer rakende die staking te kenne gegee het.

**Standpunt 1: 'National Union of Distributive Workers'-pamflet, Mei 1943**

**Nie ten koste van ons nie!**

'Vir jare was winkelassistente van die laagsbetaalde werkers in Suid-Afrika. Deur hul eie vakbond het hulle daarna gestrewe om hul omstandighede te verbeter. Ten einde laaste het die regering 'n Konsiliasieraad gevestig met die doel om beter salarisse deur vreedsame onderhandelinge te beding.

DIE WERKGEWERS HET DIE RAAD AFGEBREEK deur te weier om 'n pennie (sent) meer uit hul groot winste te betaal. Hierdie oorlog is vir DEMOKRASIE en ons wat 100% agter die OORLOGSPOGING is, sal nie toelaat dat hulle ryker word ten koste van ons nie.'


**Standpunt 2: Omsendbrief van die bestuur, Junie 1943**

**ONS sal dit nie duld nie!**

'Sommige werkers het die bestuur belaster en beswadder (verkleineer) en ons uitvoerende amptenare erg beledig. Ons wil dit duidelik stel dat ONS NIE HIERDIE GEDRAG ONDER ONS WERKERS SAL DULD NIE. Ons wil lojale en gelukkige personeel hê. ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE gaan ons toelaat dat dislojale werkers die bestuur misbruik en beledig nie. Waar sulke gevalle onder ons aandag kom, sal ons nie huiwer om die skuldiges onmiddellik te ontslaan nie, sodat ons vir eens en vir altyd ontslae kan raak van die losbandige en ontevrede elemente.'

**BRON 4C**

Hierdie foto toon wit vrouewerkers wat 'n banier dra met die woorde 'ONS MAAK DIE PROFYTE VIR DIE O.K.', wat gedurende die 1942-staking gebruik is.



**BRON 4D**

Die volgende uittreksel is geneem uit *A Place in the City* deur Luli Callinicos. Dit fokus op die impak van die Tweede Wêreldoorlog op industriële produksie.

Soos wat die nywerheid na die Depressie uitgebrei het, het die eienaars van klerefabrieke in Pretoria begin om Kleurlingvroue te gebruik as kleremaaksters, teen laer salarisse. Die Klerewerkersunie het die gevaar gesien waar ras gebruik word om die bestaande salarisse te verminder en het dadelik begin om hierdie Kleurlingwerksters te werf. As lede was hulle geregtig op dieselfde salaris as wit werkers, wat geredelik ingesien het dat Kleurlinge ingesluit moes word in die bedingingsproses ('n minderheid was nie gelukkig met hierdie idee nie). Die meeste van die wit lede het egter gestem vir 'n aparte 'Tak 2' vir die Kleurlingwerksters. Die takke het afsonderlik vergader, so ook hul uitvoerende beamptes. Elke tak het sy eie amptenare verkies. Die organiseerders van die unie het beken dat hierdie paralelle reëling neergekom het op rassediskriminasie, maar het gevoel dat dit die unie sou verdeel en vernietig as daar nie gehoor gegee word aan die meerderheidstem van hul lede nie ...

In Februarie 1944 het die bestuurder van 'n klerefabriek nege Kleurlingvroue in diens geneem om 'n groot bestelling oorloguniforms klaar te kry. Hierdie bestuurder het egter die Kleurlinge by 'n aparte deel van die fabriek ingesmokkel sonder die wete van die wit werkers. 'n Paar dae later het 'n wit werkster hierdie Kleurlingwerksters ontdek en dit dadelik aan die ander werkers gerapporteer.

'n 'Onwettige' staking het gevolg. Die werksters het die masjiene afgeskakel en 'n afvaardiging na die bestuurder gestuur om te eis dat die Kleurlingwerksters afgedank moet word. Twee Nasionale Party-ondersteuners het op 'n tafel gestaan en die unie begin aanval omdat die Kleurlinge toegelaat is om te werk as kleremaaksters. Die Nasionale Party-ondersteuners het die 'scabs' (diegene wat nie wou deelneem aan die staking nie) met geweld gedreig. Vir drie uur lank was daar chaos op die fabrieksvloer. Uiteindelik was die bestuurder verplig om die Kleurlingwerksters te ontslaan ...

Die volgende week het die unie 'n dissiplinêre vergadering gehou waar die twee ringkoppe daarvan aangekla is dat hulle 'n breuk in die unie veroorsaak het. Die uitvoerende gesag het eenparig besluit om hulle uit die unie te skors (Al 15 lede van die uitvoerende gesag was Afrikaners).

Hierdie geskilpunt het baie publisiteit gekry. 'Wit Beskawing In Gevaar' was die hoofopskrif in een Nasionalis-koerant. Die Klerewerkersunie is aangeval in die parlement en die drie Nederduits Gereformeerde Kerke het 'n 'Vergrote Kerkkomitee' gestig wat moes rondgaan en vergaderings belê waarin te velde getrek is teen rassevermenging op die fabrieksvloer. Hulle het 'n pamflet 'Wit Suid-Afrika, Red Jouself' uitgegee. Hierdie pamflet was so vyandig en opruiend dat die unie se Algemene Sekretaris, Solly Sachs, suksesvol by die Hooggeregshof aansoek gedoen het om dit te verban weens laster en aanhitsing van rassehaat. Hierdie pamflet het 'n groot ophef daarvan gemaak dat Sachs 'n Jood was en voorheen 'n lid van die Kommuniste Party was.

## VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

### 5.1 WAAROM WAS DIE VROUE-OPTOG NA DIE UNIEGEBOU IN 1956 BETEKENISVOL IN DIE VRYHEIDSTRYD?

**BRON 5A**

Hierdie is 'n uittreksel uit Walter Sisulu se outobiografie *In our Lifetime* deur Elinor Sisulu. Dit fokus op die redes vir die vroue se optog in 1956.

Teen die einde van 1955 het die ANC se Vroueliga hul eerste nasionale konferensie in Johannesburg gehou. Kort daarna het die ANC Vroueliga en die Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue (FEDSAW) 'n gesamentlike werkskomitee gestig om die vroue se anti-pas-veldtog te koördineer. Oor die volgende paar maande het die vroue netwerke georganiseer en gereeld oor naweke vergaderings gehou in die woonbuurte. Die diepgewortelde gebelgdheid jeens passe het die werkskomitees oortuig het dat hulle 'n reuse-optog by die Uniegebou kon organiseer waarin duisende vroue van regoor die land betrokke kon wees. Ruth Mompati, lid van die ANC Vroueliga, was werksaam by die kantore van Mandela en Tambo en sy onthou dat sommige van die mans in die ANC nie beïndruk was met wat die vroue wou doen nie:

'Hulle het gemeen ons was te ambisieus en dat dit onmoontlik sou wees om so 'n reuse-optog te organiseer. Omdat ons deel van die ANC was, moes ons aan die NUK (Nasionale Uitvoerende Komitee) verslag doen oor wat ons planne behels het. Toe ons planne in die NUK bespreek is, het ons gehoor daar was weerstand teen die idee, maar Walter Sisulu het gesê nee, laat ons sien wat die vroue kan doen. Dit het hom baie gewild gemaak by die vroue!'

Walter se geloof in die vroue was geregverdig (korrek bewys) en met 'n kordaatstuk van merkwaardige organisasie het duisende vroue van oral oor die land toegesak op Pretoria op 9 Augustus 1956. Vroue het enorme opofferings gemaak om die reis te kon onderneem. Baie het op eie onkoste gereis. Sewentig afgevaardiges vanaf Port Elizabeth het 700 pond (geldeenheid in daardie tyd) bymekaar gemaak en 'n hele passasierswa gehuur. Daar is gesê dat van die vroue selfs hul meubels verkoop het om geld in die hande te kry vir die reis…

**BRON 5B**

Die volgende is twee verklarings deur die vroue-aktiviste, Helen Joseph en Dorothy Zihlangu, wat die gebeurtenisse uiteensit soos dit op 9 Augustus 1956 ontvou het.

**Verklaring 1: Helen Joseph**

Toe ek die boonste trappe van die Uniegebou bereik het, het ek die vroue aangetref in die amfiteater waar hulle stil en vreedsaam gerus het …

Vier vrouens is as leiers vir die dag gekies, Lilian Ngoyi, die Afrikaan, Rahima Moosa, die Indiër, Sophie Williams, die Kleurling, en ek, die witte. Ons het die veelrassigheid van die Federasie van Suid-Afrikaanse vroue verteenwoordig. Ons het die protesbriewe na die kantore van die Eerste Minister, Johannes Strijdom, in die Uniegebou geneem. Hy was nie daar nie. Ons het sy kantoor bestrooi daarmee en teruggekeer na die duisende vroue, wagtend op ons, styf teenmekaar … Lilian Ngoyi het 'n beroep op hulle gedoen om in stille protes te staan. Terwyl sy haar regterarm lig in die 'Congress Salute', het 20 000 arms opgegaan en so gebly vir eindelose minute.

Na 'n halfuur, het Lilian *Nkosi Sikelele (God gee Afrika krag)* sag begin sing. Toe hoor ek 'n nuwe lied, spesiaal gekomponeer vir die protes, '*Wathint' a bafazi, wa uthint' imbokodo uzo kufa*' ('Jy het 'n rots geslaan, jy het met die vroue gepeuter, jy sal vernietig word!') Dit was vir Strijdom bedoel …

**Verklaring 2: Dorothy Zihlangu**

Ons is kwaad, so baie kwaad. Ons het aan hom (Strijdom) geskryf en gevra vir 'n gesprek. Hy het ons verwag. Maar hy was nie daar nie. Vroeër het 'n helikopter agter die Uniegebou geland. Ons dink hy het van ons af weggevlug. Hy het so baie mag gehad, maar hy was bang vir ons, en al wat ons gedoen het was om vreedsaam na hom te kom en te sê dat ons, die vrouens van Suid-Afrika, nee sê vir die passe. As 'n teken van protes het die vroue daarna in stilte gestaan. Al geluide in die amfiteater was die gehuil van babas. Sommige van ons susters (werkers) het die wit babas van hul werkgewers saamgebring. Toe het ons huis toe gegaan en verder onder die gemeenskappe georganiseer ...

Kopiereg voorbehou 

**BRON 5C**

Hierdie is 'n voorbeeld van die petisie wat aan die Eerste Minister, J.G Strijdom, by die Uniegebou op 9 Augustus 1956 voorgelê is.

**DIE EIS VAN DIE VROUE VAN SUID-AFRIKA VIR DIE HERROEPING VAN PASSE VIR VROUE EN DIE AFSKAFFING VAN DIE PASWETTE**

Ons, die vroue van Suid-Afrika het vandag hiernatoe gekom. Ons verteenwoordig en praat namens honderde duisende vroue wat nie saam met ons kan wees nie. Maar op hierdie oomblik, oral in die land, kyk vroue na ons en dink aan ons. Hulle harte is met ons.

Ons is vroue uit elke deel van Suid-Afrika. Ons is vroue van alle rasse, ons kom van stede en dorpe, van die reservate en die statte. Ons kom as vroue verenig in ons doel om swartvroue te bevry van die vernedering van passe.

Vir honderde jare het swartmense gely onder die bitterste van alle wette – die paswet wat soveel lyding gebring het aan elke swart familie.

Klopjagte, arrestasies, verlies aan lone, lang ure by die paskantore, weke verhoorafwagtend in selle, gedwonge plaasarbeid – dít is wat die paswette vir swartmans beteken het – nie vir 'n misdaad nie, maar omdat jy nie 'n pas gehad het nie.

Ons swartvroue weet maar te goed watter invloed hierdie wet het op ons huise, ons kinders. Ons, wat nie swartvroue is nie, weet hoe ons susters ly.

U regering verkondig luid aan die buiteland dat die paswette afgeskaf is, maar ons vroue weet dat dit nie die waarheid is nie, want ons mans, ons broers, ons seuns word steeds gearessteer, duisende elke dag, onder dieselfde paswette. Dit is net die naam wat verander het. Die 'reference book' en die pas is dieselfde.

In Maart 1952 het u Minister van Naturellesake in die Parlement ontken dat 'n wet ingevoer sou word om swartvroue te dwing om passe te dra. Maar in 1956 probeer u regering om passe op swartvroue af te dwing, en ons is hier vandag om onsself te beskerm teen hierdie belediging vir alle vroue. Vir ons is die belediging van 'n swartvrou, 'n belediging van alle vroue.

Ons wil u vertel wat die pas sal beteken vir 'n swartvrou, en ons wil hê u moet weet alhoewel u dit 'n 'reference book', 'n identiteitsboek of enige ander misleidende naam wil noem, dit steeds vir ons 'n **'Pass'** sal wees. En dit beteken net dit:

- Dat huishoudings opgebreek sal word wanneer vroue onder die paswet gearresteer word.
- Dat kinders onversorgd gelaat sal word, hulpeloos, en ma's sal van hul babas weggeskeur word wanneer hulle nie 'n pas kan toon nie.
- Vroue en jong meisies sal verneder word deur polisie wat hulle deursoek vir passe.
- Vroue sal hul reg verloor om van plek tot plek te beweeg.

In die naam van die vroue van Suid-Afrika, elkeen van ons, Afrikaan, Europeër, Indiër, Kleurling, sê ons vir u dat ons gekant is teen die passisteem.

Ons, die stemgeregtigdes en stemloses, beroep ons op u regering om nie passe aan swartvroue uit te reik nie.

Ons sal nie rus voordat ALLE paswette en alle beperkende maatreëls op ons vryheid afgeskaf is nie.


Ons sal nie rus voordat ons vir ons kinders hul fundamentele reg tot vryheid, geregtigheid en sekuriteit gewen het nie.

NAAM...................................... ADRES ................................
AREA ......................................

VOORGELÊ AAN DIE EERSTE MINISTER
9 AUGUSTUS 1956

**BRON 5D**

Hierdie plakkaat is geproduseer deur die Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue (FEDSAW) om die vroue wat in die vryheidstryd betrokke was, te vereer.




***Individual woman received recognition for their stand against apartheid in this poster launched in 1987.***

**In hierdie plakkaat wat in 1987 vrygestel is, het individuele vroue erkenning ontvang vir hul standpunt teen apartheid.**

## VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

### 6.1 WAT WAS DIE UITDAGINGS WAT SUID-AFRIKA VANAF 1990 DIE HOOF MOES BIED OP SY WEG NA DIE EERSTE DEMOKRATIESE VERKIESING IN 1994?

**BRON 6A**

Hierdie is 'n uittreksel uit Rich Mkhondo se boek, *Reporting South Africa.* Dit fokus op die onderhandelinge tussen die African National Congress en ander politieke partye voor die 1994-verkiesing. Mkhondo was 'n joernalis vir Reuters (nuus en inligtingsdiens).

Aan die begin van 1993 was Suid-Afrika wagtend (op die rand) ... Die samesprekings het gesloer, geweld het voortgeduur, en mense was ontnugter (teleurgesteld) oor die toekoms. Die amptelike voortsetting van die onderhandelinge in Maart, na 'n breuk van tien maande, is opgevolg deur 'n reeks bilaterale samesprekings tussen die ANC en die regering, en later tussen die regering en Inkatha.

Die ANC se Nasionale Werkskomitee, dikwels na verwys as Suid-Afrika se toekomstige kabinet, het 'n dokument aanvaar wat opgestel is deur Joe Slovo. Hierin is geargumenteer dat enige toekomstige regering nie die risiko moes loop om die burokrasie (regeringsamptenare) en die gewapende magte wat deur die huidige staat bemagtig is, te vervreem nie (uitlos nie). Slovo het geargumenteer dat daar geen totale oorwinning vir enige kant – die regering of die ANC – tydens die onderhandelinge kon wees nie. Sy stelling was dat groot kompromieë nodig sou wees, want die ANC was nie besig om 'te onderhandel met 'n oorwonne vyand nie'. Hy het voorgestel dat amnestie verleen moes word aan almal wat betrokke was by die uitvoer van apartheid, en dat gewaarborgde werksgeleenthede en versekerde pensioensvoordele aan generaals en staatsdienswerkers gebied moes word om hul samewerking te verseker in die land se eerste demokraties verkose regering. 'Ons is nie besig met wapenstilstandgesprekke nie. Ek wens ons was. Maar die waarheid is dat niemand die oorlog gewen het nie. Die Nasionale Party kon nie meer verder regeer nie en ons kon nie die regering met geweld oorneem nie. Dit beteken albei kante moes 'n kompromie (gee en neem) aangaan. Dit is die realiteit, het Slovo gesê in 'n verslag wat opgestel is vir bespreking deur die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee en wat later deur die skadukabinet bekragtig is. Die verandering van 'n aanvanklike aandrang op algehele oorgawe van mag tot hierdie idee van gedeelde mag was diepsinnig.

'n Verklaring wat na al die 14 streke van die ANC versprei is, het soos volg gelui:

'In die belang van rekonstruksie en vrede en om die potensiaal van konflik tussen verdeelde magte op pad na demokrasie te verminder in die tydperk wat volg direk na die aanvaarding van die Grondwet, verklaar ons ons steun vir 'n tussentydse regering van nasionale eenheid tot en met die aanvaarding van 'n nuwe grondwet ...'

**BRON 6B**

Hierdie is deel van 'n toespraak van Winnie Madikizela Mandela (sy het die ondersteuning van die ANC jeug en militantes geniet) oor die kwessie van magsdeling tydens die begrafnis van die anti-apartheid aktivis, Helen Joseph in 1993.

Die leierskap moet daarvan bewus wees dat die massas vrees dat hulle gekompromitteer sal word. Hulle vrees dat ons organisasie groot kompromisse met die staat sal aangaan. Dit is nodig dat dit deeglik aan die mense verduidelik moet word ... Ons het deurentyd geveg. Ons [die ANC en die regering] beskou mekaar as vyande. Dit is kritiek dat die massas geken moet word in ons onderhandelinge rondom magsdeling. En dit is die massas wat aan die leiers 'n mandaat moet gee oor hul interpretasie van magsdeling. Indien nie, sal ons beskou word as 'n elitegroep wat die massas lei, terwyl ons nie in voeling met hulle is nie. Ons weet nie wat is hul aspirasies nie...

Die kitsoplossings wat deur ons leiers gesoek word, sal net 'n klein minderheid bevredig en sal geweldig terugslaan op die land as geheel. Die ontnugtering wat gaan volg as die massas agterkom dat hulle nie in die nuwe vryheid en in die rykdom wat deur hul leiers geniet word, ingesluit is nie, sal groter implikasies hê as dit wat ons in die 1970's en 1980's ondervind het, en dit sal die land net weer in 'n maalstroom van protes en massageweld dompel. Hierdie keer nie teen die Nasionale Party nie, maar teen die nuwe regering, wat die massas sal agterkom dieselfde klassebeskerming verteenwoordig as die Nasionale Party waarteen daar so hard geveg is.




**Winnie Mandela**

**BRON 6C**

Die volgende is deel van 'n toespraak deur Nelson Mandela nadat hy sy eerste stem uitgebring het vir 'n demokratiese Suid-Afrika op 27 April 1994 by die Ohlange Hoërskool in Inanda, Durban, KwaZulu-Natal.

Dit is vir alle Suid-Afrikaners, 'n onvergeetlike gebeurtenis. Dit is die realisering van ons drome en hoop wat ons oor dekades gekoester het. Die droom van 'n Suid-Afrika wat alle Suid-Afrikaners verteenwoordig. Dit is die einde van 'n era van pessimisme, verdeeldheid, beperkte geleenthede, onrus en konflik. Ons begin 'n nuwe era van hoop, versoening en nasiebou. Ons hoop dat slegs met die uitbring van 'n stem die resultate hoop sal gee aan alle Suid-Afrikaners en dat alle Suid-Afrikaners sal besef hierdie is ons land. Ons is een nasie.



**Nelson Mandela bring sy stem uit op 27 April 1994**

**BRON 6D**

Hierdie is 'n uittreksel deur Mondli waka Makhanya (tans redakteur van die *Sunday Times*) waar hy sy ervaringe op 27 April 1994 herroep, wat verskyn het in die *Mail and Guardian* van 29 April tot 5 Mei 1994-uitgawes.

Ek hou daarvan om aan myself te dink as 'n tawwe man, dié soort man wat net huil by familiebegrafnisse. Maar Woensdag, alleen in my stemhokkie, het trane in my oë opgewel met daardie stukkie papier in my hand.

Hierdie was nie net 'n stem nie. Dit was 'n geestelike belewenis. Soos die tagtigjariges wat die vorige dag gestem het, het ek gevoel my menswaardigheid is teruggegee.

Ek het my kruisie getrek langs die gesig van Nelson Mandela, 'n man van wie ek paar jaar gelede slegs kon sing, en wie se foto's ek altyd onder in die familie se vrieskas weggesteek het. Toe ek my stembrief in die dose plaas, het ek gewurg van emosie toe ek bewus geword het van die heiligheid van dít wat ek besig was om te doen. Saam met miljoene van my swart landgenote was ek besig om 'n reis te voltooi wat meer as drie eeue gelede begin het toe die witman aan die Kaap geland het en begin het om my menslikheid van my te ontneem.

Terwyl ek wegry van Guguletu se Ubuntu Centre waar Aartsbiskop Desmond Tutu hom vroeër van sy kettings bevry het – het ek weer die emosies van die vorige nag ervaar toe ek gekyk het hoe die vlag wat vir my wreedheid en boosheid verteenwoordig het, gesterf het. In die privaatheid van my motor en in die donkerte het ek gehuil.

Die miljoene mense, vanaf Babanango tot Seshego, wat saam met my gestem het, het dit nie ligsinnig gedoen nie. Hulle, soos ekself, het drome en hoop wat hulle glo slegs deur die ANC aangespreek kan word.

Die uitdaging vir die ANC is om nie daardie mense te vergeet terwyl die parlementslede die nuwe elite word, en parlementêre dorpies en wit woonbuurte beset, terwyl hulle die byvoordele wat saam met die werk kom, geniet nie ...

## ERKENNINGS

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:

ANC (n.d.) *What Can I Do? – A Guide to Action Against Apartheid* ([Amsterdam]: World Assembly of Youth)
Berry, A. 1989 *Act by Act – 40 Years of Nationalist Rule in South Africa* (Johannesburg: Lowry)
Bottaro, J and P. Visser 1999 *In Search of History Grade 12* (Cape Town: Oxford University Press)
Callinicos, L. 1993 *A Place in the City – The Rand on the Eve of Apartheid*, (Cape Town: Ravan & Maskew Miller Longman)
Cronin, J (et al) 1986 *30 Years of the Freedom Charter* (Johannesburg: Ravan)
Dugmore, H et al (ed.). 1999 *Nelson Mandela – A Life in Cartoons* (Cape Town: David Philip)
Du Toit, D. 1981 *Capital and Labour in South Africa* (London: Kegan Paul)
Fenwick, J and C. Rosenhain. 1991 *South Africa; From Settlement to Self-Determination* (Melbourne: Oxford University Press)
Frederikse, J. 1987 *South Africa – A Different Kind of War* (London: James Currey)
Govender, S.P. et al 2004 *New Generation History Study Guide Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Govender, S.P. et al 2003 *New Generation History Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Graves, F.E and E. Viglieno 2001 *History for Today Grade 12* (Landsdowne: Juta Gariep)
Institute for Justice and Reconciliation 2004 *Turning Points in History Series Books 4 – 6* (Johannesburg: STE Publishers)
Joyce, P. 1990 *The Rise and Fall of Apartheid* (Cape Town: Struik)
Mermelstein, D. 1987 *The Anti-Apartheid Reader* (New York: Grove)
Ministry of Education 2004 *Every step of the way: The journey to freedom in South Africa* (Cape Town: HSRC Press)
Nasson, B. (ed) 2004 *Turning Points in History* (Johannesburg: STE Publishers)
New Nation publication (April 16 – April 22 1993).
Nuttal, T. et al *From Apartheid to Democracy* (Pietermaritzburg: Shuter & Shooter)
O'Donoghue, C. June 16, 1976: The Day that Shaped a Nation (*Marie Claire,* June 1998)
Pampallis, J. 1997 *Foundations of the New South Africa* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Pape, J. et al 1998 *Making History Standard 10 Grade 12* (Johannesburg: Heinemann)
Pike, H.R. 1985 *A History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma)
Roberts, M. 1993 *A History of South Africa* (Essex: Longman)
Seleti, Y. (series ed.) *Looking into the Past Grade 12* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Suttner Raymond (n.d.) *The Freedom Charter – The People's Charter in the Nineteen-Eighties* (Paper delivered at the University of Cape Town)
The Poster Book Collective: South African History Archive. 1991 *Images of Defiance* (Johannesburg: Raven Press)

Kopiereg voorbehou